# EKSEGESE IS 'N SPEL

J H le Roux[1]

Summary

Exegesis is a game

This is article is devoted to a different understanding of exegesis. It is intended as a contribution to the ongoing South African debate. First of all the South African way of exegesis is discussed. It is interpreted and described as a typical Cartesian search for fixed foundations. Then Hans-Georg Gadamer's view of play is employed to depict a different kind of approach. It is argued that an understanding of exegesis as a way of playing with the text can be of great value.

Mauritz Kloppers het ek lank geken voordat ek hom geken het. By kongresse en ander geleenthede het ek hom raakgeloop. Altyd netjies, presies, hoflik. 'n Man wat respek afgedwing het en waarna jy altyd kon luister. En as hy oor die Ou Testament en veral Deuteronomium gepraat het, moes jy die ore spits. Dit was eers 'n ruk gelede dat ek hom werklik leer ken het. En dit was nie deur die wetenskap of die akademie nie. Maar by die spel, die spel van die lewe. By die genieting van die goeie dinge soos kos en wyn, by die lag en die gesels tot die laataand, by die praat oor heilige dinge wat ons in elk geval nie verstaan nie, by die nadink oor God se nabywees wat ons telkens maar weer intellektueel ontglip. Tóé, eers het ek Mauritz waarlik as die spelende mens leer ken. As die vrolik-spelende kind van God wat die lewe geniet en spelend met ons wêreld omgaan. Dis toe dat ek besluit het om oor die eksegese as spel te skryf.

Hierdie artikel poog eers om ons Suid-Afrikaanse Bybelwetenskap te omskryf. Veral word na Descartes verwys, want sy soort wetenskaplike besigwees wreek hom tot vandag toe in die Bybelwetenskap. Descartes se gees het ons wêreld nog nie heeltemal verlaat nie: 'We still seem te be haunted with what I have called the Cartesian Anxiety' (Bernstein 1986:10). Dit is hierdie sug na vastigheid wat ook ons teologiese wêreld betree het. Daar is of sekerhede of alles stort in duie: Either there is some support for our being, a fixed foundation for our knowledge, or we

1 Prof. J.H. le Roux, Dept Ou Testament, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.

cannot escape the forces of darkness that envelop us with madness, with intellectual and moral chaos' (Bernstein 1983:16). Hierdie soort wetenskapsingesteldheid word verder in die artikel baie krities vanuit Hans-Georg se spelbegrip bekyk. As die teks meer speels benader word, word 'n ander soort waarheid ontdek wat net so eg en sinryk is.

## A. ONS IMMANENTE (CARTESIAANSE?) BYBELWETENSKAP

Met verloop van jare het 'n bepaalde tipe Bybelwetenskap in Suid-Afrika sy beslag gekry. Belangrike werk, wat selfs internasionale erkenning ontvang het, is gelewer en nuwe perspektiewe is geopen (vgl Le Roux 1993:27-33;350-353). Ten spyte van die baie en waardevolle insigte wat die Suid-Afrikaanse Bybelwetenskap opgelewer het, word dit in hierdie artikel egter baie krities bekyk. Vir eers moet ons poog om hierdie benadering te beskryf en te evalueer. Dit is egter nie so maklik nie. Elke Bybelwetenskaplike verstaan en gebruik die metode op sy eie manier. Elkeen het dit by sy eie behoeftes aangepas. Daar is nogtans voldoende gemeenskaplike trekke om 'n Weberiaanse ideëelbeeld saam te stel. Sulke ideëelbeelde beoog geensins om 'n presiese beskrywing van ons Bybelwetenskap te verskaf nie. Trouens, dit kan ook 'n totale oordrywing van ons situasie wees. Onderstaande is dus hoogstens '(an) imaginative mental construct invented to account for observed phenomena' (Van Niekerk 1992:58). Met behulp daarvan kan ons iets van ons (of dan sommige van ons) se benadering tot die Bybel verstaan. Ons kan die dominante Suid-Afrikaanse verstaansmodel 'immanent' noem. Dit is die versamelnaam vir 'n aantal metodes of benaderings wat in 'n mindere of meerdere mate die onderstaande kenmerke deel (vgl Urmson 1985b:167-172).

1. Eksegese het met sekerhede te make. Anders gestel: iets van 'n Cartesiaanse soeke na vastigheid en sekerheid word in die immanente benadering weerspieël. Wat Descartes wou vind, was 'n duidelike prinsipe wat as aksioma of eerste beginsel vir sy 'wiskundige' filosofie kon dien. Ter vervulling van sy ideaal is 'n belangrike voorwaarde gestel: filosofiese sekerheid moes van so 'n aard wees dat geen twyfel daaroor kan bestaan nie. Dit moes met ander woorde 'n vanselfsprekende waarheid wees: helder (en duidelik op sigself) en onderskeie (van enige ander beskouing). Dit moes 'clare et distincte' wees (Lavine 1989:95).

Descartes se ideaal sou tot vandag toe die Bybelwetenskap beïnvloed. Baie Bybelwetenskaplikes streef steeds (soos in die immanente benadering) na wetenskaplike vastighede. Net wat in die teks staan, is seker en vas; niks moet van buite ingedra word nie; wat oor die teks gesê word, moet te alle tye gekontrolleer kan word; wat uit die teks gehaal word, moet duidelike sekerhede wees; indien die teks geen duidelike historiese feite vermeld nie, is historiese opmerkings onvanpas.

2. 'n Gevolg van die Cartesiaanse denke was die subjek-objek-verhouding. In elke wetenskaplike ondersoek staan die subjek halfmeerwaardig teenoor die passiewe objek (Descartes 1967:30-49). Die 'ek', die subjek, die ondersoeker is 'n denkende substansie: dit beset geen ruimte nie, is ondeelbaar, maar is bevoeg om te twyfel, te dink, te onthou, ensovoorts. Fisiese substansies aan die ander kant is uitgebreid, deelbaar, in beweging, maar kan nie dink nie. Deurgaans is die subjek die belangrikste: hy het mag oor die objek en kan dit manipuleer. Hierdie subjek-objek-skema is nog steeds vir vele geldig. Selfs die kritici daarvan 'have generally accepted some version of the subject-object dichotomy as being basic for understanding our knowledge of the world' (Bernstein 1983:116).

Hier te lande is bogenoemde digotomie nog kragtig. Met behulp van 'n metode kry die subjek (die eksegeet) 'n vaste greep op sy objek (die teks). Hy manipuleer dan sy objek na goeddunke. Hy verding die teks tot 'n objek wat hy tot en met dissekteer. Hy gryp in en met presiesheid beskryf hy talle aspekte van die teksmeganika. Metodies-klinies word die ganse teks in al sy naaktheid oopgedek. Sekuur en seker vat hy dan die objek (die teks) se waarheid en sy betekenis vas. En aan die einde is daar selfs 'n stukkie trots: die trots van 'n mens (die subjek) wat oor sy objek (die teks) heers en regeer.

3. Soos Descartes het die 'immanente Bybelwetenskaplikes' na 'n vaste beginpunt gesoek. Op hierdie vaste fondament sou hulle dan 'n magtige bouwerk (die Suid-Afrikaanse Bybelwetenskap) kon bou. En in die finale gestalte van die teks is die Archimedespunt toe gevind. Dit is waar alle wetenskaplike werk moet begin en eindig. Hierdie gefikseerde teks soos dit voor ons lê, is ons enigste sekerheid en daarmee moet primêr gewerk word. Niks daarbuite (soos die pseud-epigrafiese literatuur) of daaragter (soos die historiese ontstaan) sou geduld word nie. Net die teks in sy

sogenaamde finale gestalte maak saak. Soos Descartes wou 'ons' die teks slegs vanuit hierdie vastepunt verstaan en beskryf.

4. Nou verwant aan bogenoemde is 'n metodebewustheid. Om hierdie Archimedespunt (die finale teks) te verstaan, moet jy die regte metode hê (vgl Gadamer 1976:43-52). Descartes sou dit dalk nog sterker stel: waarheid hang van 'de noodzaak van een juiste methode af. Alvorens we gaan proberen iets te kennen, moeten we eerst bepalen hoe we dat gaan doen. Die methode zal grondslag zijn' (Kwaad 1987:32; vgl Descartes 1950:75—89). Suid-Afrikaners vind dit in 'n 'immanente benadering'. Verskillende dinge word hiermee bedoel, maar basies beteken dit 'n geweldige konsentrasie op die teks en sy meganika. Primêr word op taal, styl, struktuur, karakterisering, plot, ensomeer gefokus. Ryklik word ook uit die insigte van die linguistiek en die literatuurwetenskap geput.

5. Eie aan 'n immanente benadering is die oortuiging dat tekste betekenis het. Tekste 'huisves' vaste betekenisse en dit kan metodies ontsluit word. Anders gestel: iemand wat die regte metode het en dit getrou toepas, kan teksbetekenis bepaal. Nooit kan die finale teks ooit anders tot spreke kom as deur die bypassende metode nie. Kortom: alle betekenis is metodies bemiddel; sonder metode geen betekenis nie. En daarom is 'metode' vir die Bybelwetenskaplikes hier te lande so belangrik. Wie die teks lees, moet sy metode met vrymoedigheid voor almal kan verduidelik.

6. Om die ware betekenis te ontsluit, moet die ondersoeker egter ook iets doen. Hy moet homself van allerlei vooroordele en allerlei ander subjektiewe gevoellens kan ontledig. Hy moet die teks objektief benader en teen onbewuste voorveronderstellinge waak. Kortom: om die suiwere betekenis te bepaal, moet die eksegeet van alle moontlike belemmeringe 'gereinig' word.

7. Bogenoemde het tot 'n mate van hubris aanleiding gegee. Een metode of benadering is deur die groep gekanoniseer en dit het die toegang tot die Bybelwetenskaplike 'establishment' gereël en beheer. Met behulp van die metode is mense in- of uitgesluit en is hulle werk beoordeel. Fyn is op die metode gelet en voortdurend is gevra: 'Is die regte metode gebruik en is dit reg toegepas?'. Mettergaan het die immanente benadering 'n magsinstrument geword wat mense kon bemagtig: wie die regte metode gekies het, is deur die groep bemagtig terwyl 'n verkeerde keuse noodlottig kon wees. Deur die regte metode is die gevestigde wetenskaplike

belange van die groep ook gedien. Wie egter anders as die groep wou werk, is uitgesluit (vgl Romm 1987:179-186; Kearney 1986:220-238).).

8. Die gangbare metode was en is 'n probleemontduikende aanpak. Suid-Afrika het die skerpkant van die historiese kritiek gemis. Verder het die druk van die negentiende eeuse historiese Bybelwetenskap ons heeltemal verbygegaan (vgl Eissfeldt 1926:20-29). Nooit was dit dus nodig om hartgrondig met die probleme in verband met die geskiedenis, die lang onstaan van die Bybel, die gebrek aan eenheid, ensomeer te worstel nie. Gebeure in ons Afrikaanse wêreld gedurende die vorige eeu asook die Du Plessisstryd vroeg in die twintigste eeu het ons ook daarteen beskerm (vgl Le Roux 1986:15-35; 1994:198-202).

En die immanente Bybelwetenskap het hierdie toedrag van sake net verder bestendig. Sekerheid in verband met die finale teks en die regte metode het historiese bemoeienis onnodig gemaak. Verder: karakters en gebeure is so volledig en veilig in hulle immanente strukture opgesluit en vasgevang dat hulle geensins na die werklike wêreld verwys het nie. Binne hierdie teksbenadering is historiese vrae of onnodig, of onmoontlik of iets wat tot 'n bepaalde stap in die eksegetiese metode beperk moet word.

## B. 'N SIEKTE EN SY SIMPTOME

Hans-Georg Gadamer wou 'n siekte diagnoseer: die siekte waaraan die westerse wetenskapsboefening ly (Thiselton 1980:293-310; De Knijff 1980:111-115). Per implikasie sou die 'mankemente' van ons Bybelwetenskap ook hierby gevoeg kan word. En die simptome van hierdie siekte is die volgende (vgl hierbo): die aanvaarding dat 'n subjek (ondersoeker) 'n objek (die werklikheid, 'n teks) as't ware aan sy ondersoek kan onderwerp; die beklemtoning dat kennis slegs deur sintuiglike waarneming verkry kan word; die aanvaarding dat 'n metode, veral dan die empiriese metodes van die natuurwetenskappe, noodsaaklik vir kennisverwerwing is. Verdere simptome is die strewe na wetenskaplike waarhede wat vas en seker is; die verifikasie en die kontrollering van alle kennis; die bepaling van algemene wetmatighede waarmee voorspellings gemaak kan word. Omdat hierdie siekte van die wetenskap so belangrik is, beskryf ons twee (vir ons) belangrike simptome 'n bietjie duideliker: die subjek-objek-digotomie en die wetenskaplike metode.

Descartes se soeke na sekerheid het ons met die subjek-objek-skema gelaat. In die hele proses is die subjek, die ek, se bestaan bewys. Nooit kan die subjek/ die ondersoeker se bestaan betwyfel word nie. Hy is! Meer nog: hy het voorrang bo die objek; hy het mag daaroor; hy kan dit beheer; hy kan die waarheid daarvan bepaal. Hierteen het Gadamer hom verset. Met sy siening van spel-kuns-waarheid sou hy een van die hoofpilare van die Cartesiaanse wetenskapsmodel vernietig. Subjek sou dan nie meer teenoor objek staan nie: 'For experience is not in terms of a subject looking at an object, but is a mutual interaction between the two: the object confronts the subject and the subject confronts the object' (Derksen 1983:87).

Metode is die manier om sekerhede, ontwyfelbare sekerhede te verkry. Bygesê dit moet dan nougeset en presies toegepas word. En die soort sekerhede wat verskaf word, is meer van 'n matematiese aard: dit breek op, verdeel, verbind, sit numeries-logies uiteen en verkry 'n vaste greep op die objek. So 'n metode moet 'n mens ook teen onwaarhede en voorveronderstellings beskut. Reg toegepas, kan dit 'n mens van verkeerde uitsprake oor die objek (en die teks) weerhou (Gadamer 1990:282). Verder kan dit die ondersoeker, die subjek (die eksegeet) van allerlei subjektiewe gevoellens weerhou. Hierdie 'encroaching pressure of positivist natural sciences' word oral in die wetenskappe gevoel (Derksen 1983:63). Eintlik het die positiwistiese metode net te ver gegaan; dit het gebiede betree waar dit nie hoort nie en onbillike eise aan kennis, waarheid en ervaring begin stel (Gadamer 1990:9-15).

Gadamer het na 'n waarheid of 'n ervaring van die waarheid gestreef wat nie deur die wetenskaplike metode gevat kan word nie. In die menswetenskappe soos filosofie, kuns en geskiedenis word 'iets' of 'n waarheid 'ervaar' wat buite die greep van die wetenskaplike metode lê. Anders gestel: in die menswetenskappe word 'n waarheid gevind, wat nie metodies geverifieer of gekontrolleer kan word nie. En dit is hierdie waarheid wat Gadamer wou herwin, wat hy uit die kloue van die gangbare wetenskap wou red en waaraan hy universele geldigheid wou verleen.

Maar hoe sou hy dit regkry? Deur ons, by wyse van spreke, te laat speel. Ons moet spelend met die werklikheid en ook tekste omgaan. Met sy speltema sou hy die leser desentraliseer, ontmagtig en ontwapen. Hy sou nie meer magtig teenoor die objek (die teks) staan en met 'n onfeilbare

metode die waarheid vasstel nie. Hy het sy posisie verloor en daar so met hom gespeel word.

## C. GEWIS IS ALLES NET 'N SPEL

Om kuns in die lig van spel te verstaan en om die verhouding teks-eksegeet in terme van spel te verklaar, klink vreemd. Voor Gadamer is reeds veel van 'spel' gemaak, maar dit is in verskillende betekenisse gebruik. Soms is dit as 'n eienskap en 'n besitting van die subjek gesien. Dit is dan 'n geestesingesteldheid van die individu wat hy na goeddunke kan 'gebruik'. Soms is dit ook teenoor waarheid gestel. Wat nie waar is nie, is spel. En kuns is dikwels met laasgenoemde verbind. Kuns is dan nie waarheid nie, maar bloot vrye spel. Dus: kuns hoef nie ernstig geneem te word nie. Vir Gadamer is dit anders: spel, kuns, waarheid word een. Met sy 'triunion of art, play, and truth' (Weinsheimer 1985:102), het hy nuwe verstaansmoontlikhede geopen en het hy die visie van die eksegeet en sy soeke na waarheid ontsaglik verruim.

1. In die spel verkrummel die subjek-objek-verhouding. Wanneer daar gespeel word, kan die spelers nie die spel tot objek verding nie. Nooit kry die spelers beheer daaroor nie en nooit kan die speler die spel manipuleer nie. Nooit neem die speler die inisiatief en bepaal die gang van die spel nie (Gadamer 1990:108). Eintlik gebeur die teenoorgestelde: die spel is die heer, die 'subjek' wat alles oorheers. Dit verlok, verlei die speler om deel te neem, dit trek hom nader, dit betrek hom by die spel en dit hou hom besig. So 'n spel het ook sy eie gees. Geensins is dit van die speler afhanklik nie en dit word ook nie deur hom veroorsaak nie. Die spel skep dit self. Daardeur kry die speler lus om te speel en om enduit daarmee besig te wees (Gadamer 1990:112).

2. Hierdie primaat van die spel blyk ook uit die erns waarmee dit aangepak word. Spel en erns sluit mekaar nie uit nie. Beide is wesentlik aan mekaar verbonde. Egte oorgawe aan die spel vra diepe erns. Met die spel kan dus nie gespeel word nie. Nooit kan 'n mens maar net maak asof jy ernstig is nie. In 'n skaakspel maak jy nie net asof jy die ander wil skaakmat stel nie. Jy wil dit tog doen! Daarom poog jy ook om dit bewerkstellig. Elke spel moet met so 'n dodelike erns aangepak word. Eers wanneer die spel met diepe erns gespeel word is daar sprake van spel. Wie nie die spel ernstig speel neem nie, is 'n spelbederwer (Gadamer 1990:108).

3. Voortdurende beweging is 'n kenmerk van spel. Op verskillende maniere gee die woordjie 'spel' ook hieraan uitdrukking. Ons praat van 'n kleurespel, 'n ligspel, 'n samespel, 'n kragspel, 'n woordspel, ensovoorts. In alle gevalle is daar net onbevange, onbeheersde, onbelemmerde beweging. Geen oomblik loop die beweging hom vas of kom dit tot rus nie. Alles beweeg maar net vry en ongehinderd. Eers is dit hier en dan weer daar. Deur herhaling word elke beweging hernuwe en gaan dit maar net weer eindeloos voort (Gadamer 1990:109).

Dit is so belangrik dat ons dit weer verduidelik. 'n Wesentlike element van spel is die vryheid van beweging: heen en weer, op en af, vorentoe en agtertoe. En dit word nie deur die individuele speler of die skeidsregter bepaal nie. Beweging is eie aan die spel self. Daardeur word die speler betrek en kan hy met oorgawe deelneem (Gadamer 1990:110). Deur die bewegings word almal so meegesleur dat geen spel ooit identies herhaal kan word nie. Dieselfde spel het oneindig veel moontlikhede om te ontwikkel en tog bly dit die een dieselfde spel (Weinsheimer 1985:104).

## D. 'N VOORVEREISTE VIR VERSTAAN: SPELENDE OMGANG MET 'N KUNSWERK

'n Kunswerk moet soos 'n spel hanteer en verstaan word. 'n Skildery, drama of kunslied moet as't ware spelend benader en geïnterpreteer word. Interpretasiekuns en speelkuns is nou verwant. Dus: om 'n teks te verstaan, is om soos daarmee te speel, is om die kuns van speel te bemeester. Om te verstaan, maak 'n metode-aanslag op die kunswerk onnodig. Verder is die 'objek' ook nie weerloos aan die genade van die interpreteerder uitgelewer nie. Om 'n teks te begryp, word 'n belangrike vereiste gestel: pak dit ligvoets, speels aan. Anders gestel: moet dit nie met die grofskut van 'n vaste, gekanoniseerde metode met duidelik-onderskeie stappe wat streng toegepas word, benader nie.

Veel eerder moet subjek en objek, kunswerk en interpreteerder, word. En dit gebeur wanneer die eksegeet homself aan die werk oorgee (vgl hieronder). Ons illustreer hierdie punt aan die hand van 'n vulgêre voorbeeld: die Afrikaanses se lieflingspel, rugby. Hierdie sportsoort bestaan nie net uit reëls of handboeke oor hoe die spel gespeel moet word nie. Dit het 'n ander en meer outentieke vorm van bestaan wat eers in die spel realiseer. Eers wanneer rugby gespeel word, bestaan die spel. Wan-

neer die spelers mekaar kragdadig op die veld aandurf, kry die spel gestalte. In en deur die spelers kry die spel sy vorm en beslag. Spelers en spel word dan so een dat hulle nie meer onderskei kan word nie. Net so ook is dit met 'n kunswerk gesteld. 'n Kunslied bestaan net as dit uitgevoer word, 'n drama as dit gelees of opgevoer word en 'n skildery as dit bekyk word (Gadamer 1990:121). Eers wanneer kunswerk en interpreteerder een geword het, bestaan die kunswerk en kan die interpreteerder verstaan.

Een saak moet ons egter beklemtoon: bogenoemde beteken geensins 'n ongebreidelde en vrye interpretasie van die kunswerk nie. Geen mens kan tog met 'n kunswerk maak wat hy wil nie. Daar is perke. En die kunswerk plaas dit self op die interpreteerder. So plaas die lees van 'n antieke teks sy eie beperkinge op die leser. Hy moet die andersheid van die teks (die taal, die historiese afstand, die gewoontes, ens.) volledig verdiskonteer. Omgang met so 'n teks stel geweldige eise en daar is geen kortpaadjies uit die probleem nie (Gadamer 1990:108).

## E. DIE KORREKTE BENADERING TOT TEKSSTUDIE: VERLOOR JOUSELF.

Soos met 'n spel, word die interpreteerder by die kunswerk ingetrek en meegesleur (Gadamer 1990:112-113). En wanneer hy hom hart en siel vir die werk gee, gebeur daar iets met hom. Hy verloor homself en hy vergeet van homself. Hy word so deur die kunsspel in beslag geneem, so daardeur oorweldig en meegesleur dat hy homself as't ware daarin verloor en heeltemal van homself vergeet. Hy verloor homself deur volle oorgawe aan die teks. Hy laat die teks as't ware toe om hom oor te neem en hom radikaal te vorm. In die proses word hy as't ware deur die teks 'gespeel' en daardeur gevorm. Anders gestel: deur die krag van die kunswerk of die teks word sy eie kragte ontsluit; deur die verstaansmoontlikhede van die teks word die leser self tot groot hoogtes aangevuur; deur hom in die teks te verloor, ontdek hy sy eie onbewuste vermoëns. In die leesproses vergeet die speler van homself: hy vergeet sy voorneme om oor die teks te heers, om dit tot eie voordeel te manipuleer, om dit vir sy eie kleinbelang te eksploiteer, ensovoorts. Kortom: hy raak so betrokke, so een met die teks dat hy skoon van homself vergeet. En in hierdie selflose oorgawe en in die kroniese vergeetagtigheid (van die eie belang) lê die enorme skoonheid en mooiheid van die spel om die teks te verstaan.

# F. ELKE LEES VAN 'n TEKS LEI TOT 'n ANDER INTERPRETASIE

In die eindelose leesspel en in die nimmereindigende omgang met tekste is niks vas nie. Oor en oor word die lees- en kykproses herhaal, maar die ware betekenis bly die mens ontglip. Ten spyte van begin en weer begin, kan die waarheid van die kunswerk net nooit volmaak gevat word nie. Trouens, met elke herhaalde lees, kom 'n ander betekenis navore.

Gadamer illustreer dit aan die hand van 'n fees. 'n Fees bestaan slegs indien dit weer en weer herhaal word (Gadamer 1990:129). Telkens keer die fees as't ware terug. Wanneer dit gebeur, is dit nie 'n presiese replika van die oorspronklike nie. 'n Feesviering is nie die na-aping van 'n oorspronklike geleentheid nie. Elke keer lyk dinge anders. Alhoewel die band met die oorspronklike wel bestaan, verkry dit telkens 'n verskeidenheid van nuwe gestaltes. Dus: 'n kenmerk van 'n fees is nie net die herhaling nie, maar ook die totale andersheid (Gadamer 1990:128).

By die lees van 'n teks gebeur dieselfde. Herhaalde lees is nie die herhaling van die oorspronklike bedoeling nie; dit is nie die letterlike repetisie van die oorspronklike nie (Vandenbulcke 1973:204-210). Elke interpretasie is 'n onafhanklike en geldige interpretasie. Anders gestel: die herhaling is net so oorspronklik soos die oorspronklike werk (Gadamer 1990:124-125,127). Daar kom egter nog iets by: in elke lees van die teks word 'n ander betekenis ontdek. Vir Gadamer is die afstand tussen teks en leser nie 'die bron van die hermeneutiese probleem nie, maar juis die voorwaarde vir egte verstaan, want om te verstaan, is noodwendig om anders te verstaan' (Van Niekerk 1992:31).

Hierdie punt is so belangrik dat ons dit weer verduidelik. 'n Spelende omgang met die teks lei nie tot vaste waarhede wat vir almal herkenbaar is nie. Wat eerder gebeur, is dat ons telkens anders na die teks kyk en met verskillende betekenismoontlikhede kan speel. En dit is nie 'n vorm van relatiwisme nie, maar van egte verstaan. Ons verstaan eers eg wanneer die spel met die teks telkens nuwe en ander moontlikhede open.

Een saak moet ons dus aanvaar: een en dieselfde teks kan op 'n verskeidenheid maniere verstaan word. En met hierdie verskeidenheid van interpretasies moet 'n mens bewustelik rekening hou. Dit kan 'n geweldige hulp in die interpretasieproses wees. Ons illustreer dit aan die

hand van die moderne teater. Alle belangrike werke is al soveel keer opgevoer dat 'n bepaalde interpretasietradisie ontstaan het. Hiervolgens word die verskillende rolle op 'n bepaalde manier vertolk en die dekor ooreenstemmend aangepas. Wie 'n bepaalde werk opvoer, het dus hierdie tradisie tot sy beskikking. Hy kan daarmee worstel sonder om dit letterlik na te volg. Belangrik is dat hierdie tradisies vanuit die omgang met die teks gegroei het. Mettertyd het dit by wyse van spreke aan die teks vasgegroei. Wie hom dus met die tradisie of die interpretasiegeskiedenis besighou, is ook primêr met die teks besig. Deur hierdie interpretasiegeskiedenis verkry die leser toegang tot die verstaan van die teks. Kortom: die talle interpretasies van 'n werk kan 'n mens help om te verstaan (Gadamer 1990:124).

## G. DIE WAARHEID VAN DIE TEKS

Om met tekste te speel, is geen ondermyning van die waarheid nie. In die spelende worsteling met 'n teks groei daar betekenis. Dit is net anders. Dit is nie 'n waarheid wat deur die strenge toepassing van 'n metode verkry is nie. Dit is nie 'n heldere en klare waarheid wat vir almal toeganklik en aanvaarbaar is nie. Dit is nie 'n waarheid wat empiriesklinies en tot almal se bevrediging geabstraheer en beskryf kan word nie. Hierdie waarheid is meer 'n waarheid-vir-my. Anders gestel: dit is 'n innerlike tuiskoms. Deur die worsteling met die teks groei my waarheid so binne my dat dit voel asof ek myself opnuut vind en opnuut herontdek. En wanneer dit gebeur, is daar blydskap en geluk.

So dikwels meen diegene wat deur middel van 'n metode 'n vaste greep op 'n teks wil hê, dat hulle die enigste is wat met die teks werk. Slegs hulle is met die teks en met niks anders as die teks besig nie. Alle ander benaderings (soos die historiese kritiek) verwyder 'n mens net van die teks en van die ware teksbetekenis. Hierdie siening is problematies. Wie met tekste speel, is ook met niks anders as die teks besig nie. Verder: wie spelend een met die teks word, ontdek lewensin en is gelukkig. Ons kan hierdie punt aan die hand van Gadamer tragediebeskouing illustreer.

Gadamer sluit baie nou by Aristoteles se siening van die tragedie aan (Gadamer 1990:133-139). Volgens hom praat Aristoteles nie abstrak daaroor nie, maar wel verstommend konkreet: hy betrek die toeskouer en verreken die effek op hom. Wie na 'n tragedie gaan kyk, staan nie op

'n afstand nie en het geen behoefte aan 'n metode nie. Hy word onmiddellik deur die saak gegryp en daar gebeur iets met hom. Met twee woorde kan ons hierdie 'Wirkung' van die tragedie beskryf: 'eleos' en 'fobos'. Beide is nie maar net blote emosies nie. Dit gaan nie net bloot om 'n jammergevoel of 'n bangheid nie. Dit is veel eerder iets wat die toeskouer moet oorweldig en hom wegvoer. 'Eleos' is 'n narigheid wat die kyker oorweldig wanneer hy menslike ellende in die opvoering uitgebeeld sien. Insgelyks is 'fobos' die koue rillings langs die ruggraat wanneer iemand in die tragedie onafwendbaar op sy einde afstuur. Omdat die toeskouer magteloos moet toekyk, word hy deur 'n angsgevoel oorweldig. Kortom: in die meelewing met en die gegryp wees deur die gebeure ervaar die kyker 'n 'ekstasis'.

Die gevolg van die 'ekstasis' is 'n katarsis, 'n reiniging. Anders gesê: deur die tragedie moet die mens homself weer vind. Wanneer iemand deur die opvoering innerlik verskeurd is, wek dit groot spanning. Hy aanskou alles op die verhoog, maar staan magteloos. Hy rebelleer daarteen, maar kan niks daaraan doen nie. In die hele proses vind daar dan 'n 'versoening' tussen die kyker en die verhoogspel plaas. Skielik staan die gebeure nie meer teenoor die toeskouer nie, maar het hy deel daarvan geword. Deur 'n proses van identifisering word die kyker een met wat hy sien. Meer nog: hy herken homself en sy omstandighede in alles wat hy sien. Wat met die karakters gebeur, gebeur eintlik met hom. Hulle ellende weerspieël sy eie lewensprobleme. In en deur die tragiese figure beleef hy sy eie angste en vrese.

Deur herkenning en herbelewenis (Gadamer 1990:119-122) verkry die kyker innerlike rus. En wat beteken dit? Eerstens ontdek hy sy eie waarheid. Nie algemeen-geldende waarhede wat metodies ontsluit kan word nie, maar sy waarheid. Dié waarheid wat vir hom saak maak en sin aan sy lewe skenk. Tweedens verkry hy selfinsig in die probleme van menswees. Hy ontdek dat die lewe onafwendbaar tragies is en dat hy met lewenstragiek moet saamleef. Deur die smart van die ander leer hy sy eie ken. Met hierdie selfinsig voel hy tuiser in sy leefwêreld.

## H. 'N SPELENDE SLOTWOORD

Om spelend met die teks om te gaan, sal nie maklik hier gebeur nie. Dit sal op 'n paradigmaverskuiwing neerkom en die 'volheid van die tyd' het

nog nie hiervoor aangebreek nie. Indien ons nietemin tot 'n meer speelse benadering verlok kan word, hou dit baie voordele in. Onder andere sal dit help om anders oor belangrike sake te dink. Ons noem die volgende:

1. Ons sal anders oor metode dink. Metode is nie onbelangrik nie. Spel sluit ook nie metode uit, maar beperk dit net. Eksegese is nie primêr metode nie, maar ervaring. In die ervaring met die teks gebeur daar iets. In die worsteling met die teks word betekenis ontdek. En dit geskied nie op grond van die noukeurige toepassing van 'n bepaalde metode nie. 'n Metode bepaal juis nie ware betekenis nie. 'n Metode funksioneer eerder soos 'n reëlboek of 'n handleiding wat die spel verduidelik. Sulke boeke mag uiters waardevol wees, maar dit is nog nie die spel nie. Anders gestel: die spel is tog baie meer as 'n reëlboek of 'n handleiding. Eers wanneer gespeel word, word die spel ontdek. En tog bly die reëlboek en die handleiding belangrik, want dit vervul 'n kritiese funksie. Insgelyks is 'n eksegetiese metode nog nie die ervaring met 'n teks nie. Daarom mag die eksegetiese metode nooit domineer nie, maar moet dit eerder rigting gee, inlig en kritiseer.

2. Ons sal anders oor die eksegeet dink. Sy plek in die eksegetiese proses sal radikaal verander. Hy is dan nie meer die subjek nie, maar net 'n speler. En as speler vervul hy 'n baie beskeie posisie. Hy heers nie meer nie. Hy gryp nie meer hoogdrawend in die teks in om dit te manipuleer nie. Hy is van sy sekerheid oor sy metode en resultate geheel en al gestroop. Hy sal ervaar dat die teks hom nadertrek en met hom speel. Kortom: hy sal sy eie eindigheid en die eindigheid van sy eie resultate besef. Bewuswording van sy nederige posisie kan die eksegeet aan die ander kant ook help om die teksspel baie meer te geniet. Alles hang nie meer van hom af nie. Alles word nie meer deur sy metode en sy regte toepassing daarvan bepaal nie. Wat nou moet gebeur, is dat hy deur die teks ingetrek, gevorm, gemaal en daarmee eengemaak moet word.

3. Ons sal anders oor menswees en Bybelwetenskap dink. As die eksegeet wil speel, hoef hy nie sy veroorveronderstellinge af te lê nie. Dit word nou belangrik. In die leesspel sal sy voorveronderstellings hom help om die teks te verstaan (Gadamer 1990:276-290). Met sy voorveronderstellings en al moet hy hom in die teks verloor en van homself vergeet. Eers as hy so deel daarvan geword het, kan hy eg oor die teks praat. Eers dan verkry die eksegese 'n outentieke persoonlike kleur. Dit reflekteer

dan iets van die eksegeet se eie menswêreld wat ook vir andere iets kan beteken.

Ons verduidelik hierdie punt aan die hand van Gadamer se verduideliking van die begrip 'applicatio' (Gadamer 1990:290-295). Dikwels word die eksegetise proses in terme van 'subtilitas intelligendi' (verstaan), 'subtilitas explicandi' (uitleg) en 'subtilitas applicandi' (toepassing) verduidelik. Hiervolgens moet ons eers 'n teks uitlê en dan toepas. Eers volg die regte Skrifuitleg en dan die praktiese toepassing daarvan. Hierteen het Gadamer hom verset. Aldrie vorm afsonderlike momente van die een verstaansproses. Nooit is die een sonder die ander nie. Interpretasie roep om toepassing en ook andersom. Belangrik is dat Gadamer die volgorde omruil: die toepassing is reeds by die begin teenwoordig. Omdat 'n eksegeet hom nooit heeltemal van sy konteks kan losmaak nie, spreek sy leefwêreld van die begin af mee. Bewustelik of onbewustelik bepaal sy leefwêreld van die begin af hoe die teks gelees, wat in die teks raakgesien en hoe dit in die lewenskonteks toegepas moet word. Reg by die aanvang be‹nvloed die eksegeet se leefwêreld dus reeds die eksegetiese proses. Op die manier kry die uitleg 'n baie meer persoonlike stempel. En dit is nie iets wat uitgeroei hoef te word nie.

4. Ons sal anders oor betekenis dink. Wat as teksbetekenis opgedis word, is niks anders die resultate van die betrokke ondersoek nie. Tekswaarheid word deur 'n bepaalde metode bemiddel en is daarom net die waarheid van daardie metode. Dit is hoogstens 'n perspektief wat deur die bepaalde metode 'losgewikkel' is; dit is maar net 'n moontlikheid wat deur die immananente metode 'geabstraheer' is. Eintlik bestaan betekenis nie opsigself nie, maar moet telkens weer ontstaan. In die ontmoeting met die teks groei dit. En soos ons al so dikwels gesê het: dit is nie universele waarheid nie, maar 'n betekenis-vir-my. Dit is al waarheid wat ons uiteindelik het.

# Bibliografie

BERNSTEIN R J

1983. *Beyond objectivism and relativism*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

1986. *Philosophical profiles*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

DE KNIJFF H W

1980. *Sleutel en slot*. Kampen:Kok.

DERKSEN L D

1983. *On universal hermeneutics*. Amsterdam: VU Boekhandel.

DESCARTES R

1950. *Vertoog over de methode*. Amsterdam: Wereldbibliotheek.

1967. Bepeinsinge, in Kriel, 21—77.

EISSFELDT O

1926. The history of Israelite-Jewish religion and Old Testament theology, in Ollenburger, Martens & Hasel 1992, 20-29.

GADAMER HG

1976. *Seminar: Philosophische Hermeneutik*. Frankfurt: Suhrkamp.

1990. *Hermeneutik I. Wahrheit und Methode*. Tübingen: JCB Mohr.

1993. *Hermeneutik II. Wahrheit und Methode*. Tübingen: JCB Mohr.

KEARNEY R

1986. *Modern movements in European philosophy*. Manchester: Manchester University Press.

KRIEL D M

1967. *René Descartes se bepeinsinge oor die eerstefilosofie*. Pretoria: Academica.

LAVINE T Z

1989. *From Socrates to Sartre*. New York: Bantam Books.

LE ROUX J H

1986. Johannes du Plessis as Bybelwetenskaplike. *Theologica Evangelica* 19(1), 15-35.

1993. *A story of two ways*. Pretoria: Verba Vitae.

1994. *Historical criticism — the end of the road?* OTE 7(4) (Special Edition), 198-202.

OLLENBURGER B C MARTENS E A & HASEL G
1992. *The flowering of Old Testament Theology*. Winona Lake: Eisenbrauns.

ROMM N
1987. *Habermas se wetenskapteorie*, in Snyman en Du Plessis 1987, 179-197.

SNYMAN J J & DU PLESSIS P G W
1987. *Wetenskapbeelde in die geesteswetenskappe*. Pretoria: RGN.

THISELTON A C
1980. *The two horizons*. Exeter:Pater Noster.

URMSON J O
1985a. *Western philosophy and philosophers*. Bergvlei: Century Hutchinson.
1985b. Logical positivism, in Urmson 1985a, 167-172.

VAN NIEKERK A
1992. *Rasionaliteit en relativisme*.

VANDENBULCKE J
1973. *Hans-Georg Gadamer*. Een filosofie van het interpreteren. Brugge: Orion.

WEINSHEIMER J C
1985. *Gadamer's hermeneutics*. New Haven: Yale University Press.